



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelielied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Parashah 44: *D'varim* (דברים) Woorde

Hierdie is die woorde waarmee Moshe met die hele Yisra'el gepraat het, oorkant die Yarden, in die wildernis, in die vlakte oorkant Suf, tussen Pa'ran, Tofel, Lavan, Hazerot en Di-Zahav. Deut. 1:1 – PWL¹

Torah : Deut. 1:1 tot 3:22.

Haftorah: Jes. 1:1 tot 27.

Hernieude Verbond: 1 Kor. 6:1 tot 5; 1 Tim. 3:1 tot 7; Titus 1:5 tot 9; Efes. 2:20; 4:11 tot 14; Hand. 7:38 tot 45; Hand. 13:17 en 18; Hebr. 3:7 tot 4:11; Luk. 9:1; Luk. 10:19; Rom. 8:37; 2 Kor. 10:3 tot 5; Efes. 6:10 tot 18; Jak. 4:7; 2 Tim. 1:7; 1 Joh. 4:18.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 44 wat afgelaai kan word by: [Parashah44Notas14](#) of deur dit aan te vra by kontak@nuwelielied.info.

We are in danger of forgetting that we cannot do what God does, and that God will not do what we can do – Oswald Chambers.

Give me one hundred preachers who fear nothing but sin, and desire nothing but God, and I care not a straw whether they be clergymen or laymen; such alone will shake the gates of hell and set up the kingdom of heaven on Earth – John Wesley

Catch on fire and others will love to come and watch you burn – John Wesley.

Midrash (Torah Bespreking)

Deuteronomium is die Griekse naam wat aan hierdie vyfde boek van die Skrifte gegee is. Hierdie naam is 'verkeerdelik' gekies op grond van Deut. 17:18 en 19 waar gepraat word van 'n afskrif van hierdie wet wat die koning wat oor Israel aangestel word, in sy besit moet hê om dit al die dae van sy lewe te lees en dit toe te pas:

En as hy op die troon van sy koninkryk sit, moet hy vir hom 'n afskrif van hierdie wet in 'n boek skrywe, uit dié wat voor die Levitiese priesters lê; en dit moet by hom wees, en hy moet al die dae van sy lewe daarin lees, dat hy kan leer om YHWH sy God te vrees deur al die woorde van hierdie wet en hierdie insettinge te hou, om dit te doen;

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

Gevolgtlik is die Griekse naam van hierdie boek gekies vanweë die betekenis van *deuteronomium*, naamlik *die herhaling van die wet* of die letterlike betekenis is: *die tweede wet* (*deuteros* beteken *tweede* en *nomos* beteken *wet*). Deuteronomium is grootliks 'n herhaling (hersiening) van al YHVH se onderrig en instruksies (die Torah) soos deur Moses aan die volk oorgedra was, hoewel dit ook nuwe onderrig en instruksies bevat.

In Hebreeus is die naam van die vyfde boek van die Torah, *elleh ha devarim*, wat beteken: *hierdie is die woorde* of verkort as *Devarim* (woorde).

Deuteronomium word ook beskou as Moses se afskeidswoorde aan Israel. Yeshua Messias het meer uit Deuteronomium aangehaal as uit die ander 4 boeke van die Torah.

Vry Onder Die Wet

In hierdie laaste boek van die Torah sien ons ook 'n duidelike heenwysing van die verlossing wat deur Yeshua Messias sal kom:

יהוה, jou God, sal 'n profeet soos ek uit jou midde, uit jou broers, vir jou laat opstaan; na hom moet julle luister volgens alles wat jy van יהוה, jou God, by Horev gevra het toe jy op die dag van die vergadering gesê het: 'Laat my nie weer die stem van יהוה, my God, hoor nie en hierdie groot vuur nie meer sien nie, anders sal ek sterf.' יהוה het vir my gesê: 'Hulle het goed gepraat.' Ek sal vir hulle 'n profeet soos jy laat opstaan uit die midde van hulle broers en Ek sal My woorde in sy mond lê en hy sal aan hulle sê alles wat Ek hom beveel. Deut. 18:15 tot 22 – PWL.

'n Profeet soos Moses het uit Israel gekom om ons van die slawejuk van sonde te bevry en om al die woorde wat Moses tot die volk gespreek het, te herhaal en te bevestig. Hierdie profeet is Yeshua die Lam van God!

Moses het onderneem om vir oulaas die wet (die Torah) te verklaar. Die Hebreeus vir *verklaar* is *ba'ar* en beteken *om te grawe, te grafeer en te verduidelik*. Hoewel Moses weet dat hy nie die beloofde land sal ingaan nie, en dit ook so aanvaar het, wend hy 'n laaste poging aan om diep in YHVH se Torah te grawe en deur verduideliking die Torah in hulle verstand en op hulle harte te graveer (in te prent).

Oos van die Jordaan in die land Moab het Moses onderneem om hierdie wet te verklaar deur te sê: Deut. 1:5.

Soos Moses het Yeshua ook 'onderneem' om Torah te bevestig en te verklaar soos YHVH dit aan Moses gegee het. In Yeshua se eie woorde:

Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Matt. 5:17

'n Debat wat steeds op verskillende vlakke binne en buite die kerk gevoer word, is oor die ware betekenis van hierdie woorde van Yeshua. Hierdie debat is tussen diegene (die tradisionele kerke) wat glo dat die gelowige van die nuwe verbond vry van die wet is, want hulle is onder die genade, en diegene (Messiaanse gelowiges) wat glo dat hulle wel onder die genade is, maar nie **sonder** die wet nie. Anders gestel: Die debat is of gelowiges in Yeshua as die Messias vry van die wet is – die tradisionele kerke se siening – en of hulle vry onder die wet is – die Messiaanse Beweging se siening.

Diegene wat glo dat hulle vry van YHVH se wet (Torah) is, struikel oor die volgende woorde van Paulus:

Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet. Rom. 3:31.

Hopelik sal die volgende verduideliking as bevestiging dien dat diegene wat deur geloof in Yeshua die geregtigheid van YHVH is (2 Kor. 5:21), wel **vry onder die wet is, maar nie vry van die wet is nie!!**

Die wette en die wetgewer in 'n bepaalde land is die hoogste gesag van daardie land. Daarom staan die burgers van 'n land, en enige besoeker aan daardie land, onder die wette en die wetgewer van daardie land. Indien die die burgers en besoekers die betrokke land se wette gehoorsaam, sal hulle nie aangekla word van enige oortreding of misdaad nie. Hulle is dus vry om te doen wat hulle wil, net so lank die landswette nie oortree word nie. Dan is hulle vry onder die wet en volgens die wette van daardie bepaalde land.

Vryheid onder landswette beteken egter nie wetteloosheid nie. Nee, vryheid in 'n bepaalde land beteken gehoorsaamheid aan die wette van daardie land. Die landsburgers en besoekers aan 'n land kan ook **nie** kies watter wette hulle gehoorsaam wil wees nie. Nee, die gesagsowerhede in 'n land vereis dat daar aan alle wette van die land gehoorsaam sal wees. Onkunde oor wat die wet in 'n bepaalde land vereis, is ook nie 'n vrypas tot oortreding van die wet nie.

Die wetsgehoorsame inwoners en besoekers in 'n bepaalde land staan dus as vrygespreektes (onskuldiges) onder die landswette. Indien 'n landsburger of besoeker egter 'n landswet oortree, staan hy nie meer as vrygespreekte onder die landswette en wetgewer nie, maar as beskuldigde. Dan moet die gereg sy verloop neem en word die oortreder van die wet volgens die wet aangekla. Waar bewys van oortreding en misdaad gelewer word, vind vonnisoplegging plaas. Die aanklag van die oortreding van 'n wet vereis die bewys van 'n sigbare handeling van die oortreding. Sonder 'n sigbare handeling, en sonder die bewys van die gevolg van die handeling, kan daar nie 'n aanklag wees nie en 'n vonnis kan nie opgelê word nie. Verder het berou oor 'n oortreding of misdaad nooit kwytskelding tot gevolg nie. In uitsonderlike gevalle sal die vonnis wel versag word, maar die aanklag sal nie teruggetrek word nie.

Die hoogste gesag in die hemel en op aarde is YHVH, die Almagtige. Hy is die Wetgewer (Jak. 4:12) onder wie se wette elke mens op aarde staan. YHVH se gesag en Sy wette is op elke mens op aarde van toepassing. Die mens het nie 'n keuse ten opsigte hiervan nie. YHVH se wet is Sy onderrig en instruksies, naamlik die Torah, wat aan die mensdom gegee is en in die Afgesonderde Skrifte opgeteken is. Die ganse mensdom staan dus onder die gesag van Torah. Dit is die hoogste gesag en elkeen sal sonder uitsondering daarvolgens geoordeel word. Die Torah (YHVH se wet) is die Woorde van YHVH wat elkeen oordeel (Joh. 5:22; Joh. 12:48). Elke mens staan dus onder die wet van die bepaalde land waar hy woon, **maar ook onder die wet (die Torah) van YHVH !!**

Net soos in die geval van landswette staan elke mens ook as vrygespreekte onder YHVH se wet indien hy aan YHVH se wette gehoorsaam is, of as beskuldigde indien hy aan die wette ongehoorsaam is. Dit is juis hier waar die probleem lê. Elke mens staan as beskuldigde, en as skuldigbevinde, onder YHVH se wette, want niemand kan aan YHVH se wette gehoorsaam wees nie (Rom. 3:19 en 23). Selfs al oortree die mens net een wet van YHVH, dan staan hy skuldig aan oortreding van al YHVH se wette.

*Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword.
Jak. 2:10.*

Daarom kan geen mens geregverdig verklaar word op grond van wetsonderhouding nie (Gal. 3:11).

Die probleem is egter veel erger, want die mens is skuldig wanneer hy selfs net die oortreding van YHVH se wet in sy gedagtes begaan. Die oortreding van YHVH se wet is nie soos 'n landswet waar bewys gelewer moet word van 'n sigbare handeling van die oortreding nie. Oortreding van YHVH se wet in ons gedagtes is 'n oortreding en strafbaar! Selfs om net te begeer is 'n oortreding van YHVH se wet en maak ons dus skuldig aan die hele wet.

Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie. Ex. 20:17

Maar Ek (Yeshua Messias) sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het. Mat. 5:28

Sonde is die oortreding van YHVH se wet (1 Joh. 3:4) en ons almal sondig voortdurend weens ons sondige aard. Die loon (vonnis) van die sonde is die dood (Rom. 6:23). Alle mense is dus skuldig en verdien die dood. Daar is geen uitsondering nie!

Kyk, al die siele is myne; soos die siel van die vader, so die siel van die seun—hulle is myne; die siel wat sondig, dié moet sterwe. Eseg. 18:4.

YHVH se wet is die voortdurende aanklaer en vonnisoplegger en word dus 'n ewigdurende skuldlas waaronder elke mens gebuk gaan. Omrede die mens voortdurend deur die wet skuldig bevind word, word hy 'n slaaf van sonde wat oor hom heers. Volgens Rom. 6:6 is hierdie *oue mens* (sondige mens) die sondige natuur wat die wet moet dien, want dit is sy meester en hy is die slaaf daarvan. Elke mens is dus doemwaardig voor God.

Die probleem is dus nie YHVH se wet nie, want die wet is heilig, regverdig en goed (Rom. 7:12). Hierdie woorde van Paulus is 'n bevestiging van die loflied oor die heerlijkheid van YHVH se wet wat ondermeer in Psalm 119 vir ons beskryf word. **YHVH se wet, Sy Torah, is dus nie 'n vloek soos verkeerdelik deur die meerderheid Christene geglo word nie.** Nee, allermens!!!! YHVH se wet is heilig, regverdig en goed en is aan die mens gegee vir sy eie welsyn en vir 'n ordelike en regverdige samelewing. Daarom is die mens wat YHVH se wet dag en nag oordink en dit doen, oorvloedig geseënd en beleef welgeluksaligheid (Ps. 1:1 en 2). Hoe kan wette wat voorspoed en veiligheid verseker 'n vloek wees?

Om te glo dat YHVH se onderrig en instruksies 'n vloek vir die mens is, is om teen YHVH die Almagtige te laster. Hoe kan YHVH se wil en wysheid 'n vloek wees? Luister na die woorde in die eerste en laaste verse van Psalm 119:

Gelukkig is hulle met integriteit en waarheid in hul lewenswandel, wat leef in die wet van יהיה. Gelukkig is hulle wat Sy getuienisse hou en Hom met hulle hele verstand, wil en emosie soek. Hulle doen ook geen boosheid nie; hulle leef in Sy lewenswyse. Ps. 119:1 tot 3 – PWL.

My lippe sal U lofprysing uiter, wanneer U my U instellings geleer het. My tong sal praat van U boodskap, want al U opdragte is onpartydig opreg. Laat U hand my help, want ek het my verheug in U instruksies. Ek het verlang na U verlossing, o יהיה en ek oordink U wet. Laat my lewe en ek sal U helder en duidelik loof en laat U oordele my help. Ek het verdwaal soos 'n verlore skaap; soek na U dienskneg, want ek vergeet nie U opdragte nie. Ps. 119:171 tot 176 – PWL.

Klink hierdie woorde van die Psalmdigter soos ‘n vloek wat uitgespreek word of is dit ‘n loflied wat die wysheid van YHVH se onderrig en instruksies besing?

Dit behoort dus glashelder te wees dat YHVH se wet nie ‘n vloek is nie. Soos reeds genoem: Die probleem is nie YHVH se wet nie, maar die probleem is die mens wat weens sy sondige aard ‘n totale onvermoë het om enigsins in alle opsigte aan YHVH se wet gehoorsaam te wees. Elke mens staan dus permanent skuldig aan oortreding van YHVH se wet. Hierdie onvermoë en skuld is die vloek (binding) wat op elke mens rus. Die mens staan nie as vrygespreekte onder YHVH se wet nie, maar as beskuldigde wat gestraf moet word. Die voortdurende skuld- en gewetenslas van ongehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies het vir die mens ‘n vloek geword waarvan hy bevry moet word. In die lig hiervan moet Gal. 3:13 dan verklaar word:

Yeshua het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ‘n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang.

Yeshua Messias het die mens losgekoop van die gevolge, naamlik die vloek van die voortdurende oortreding van YHVH se wet. Hy het ons gered van die straf wat oortreding van YHVH se wet vereis, naamlik die dood. Die vertaling in die *Complete Jewish Bible* stel dit duidelik:

The Messiah redeemed us from the curse pronounced in the Torah by becoming cursed on our behalf; for the Tanakh says, “Everyone who hangs from a stake comes under a curse”.

Die vloek is dus die feit dat elkeen wat ongehoorsaam aan YHVH se wet is, naamlik elkeen wat sondig, die dood verdien. Dit is nie die wet wat die vloek is nie!!! Nee, die oortreder van die wet bring ‘n vloek op homself en word dus ‘n vervloekte!!! Yeshua Die Gesalfde Een het in ons plek die vervloekte geword sodat ons die geregtigheid van God ons Vader kan word. Dit is die genade onder die nuwe verbond.

Die Keuse.

Elke mens moet kies om as beskuldigde of as vry onder YHVH se wet te staan. Elkeen moet die lewe of die dood kies (Deut. 30:19). Alleenlik deur geloof in die verlossingswerk van Yeshua aan die kruis kan die mens as vrygespreekte onder YHVH se wet staan. Geloof kanselleer die vloek wat Torah uitspreek oor elkeen wat YHVH se wet oortree. Dit is om die lewe te kies. Die wet het nie verander nie. Nee, dit is alleenlik die aanklag van oortreding van YHVH se wet wat teen elkeen teruggetrek word op grond van geloof in Yeshua die Messias as die weg tot vrygespreekte onder YHVH se wet.

Die gelowige in Yeshua as Messias staan dus nie onder die wet van YHVH as beskuldigde nie, maar onder die genade as vrygespreekte van enige aanklag (Rom. 6:14). Deur die genade voorsiening in Yeshua kan elkeen as vry onder YHVH se wet staan.

Geloof het egter nie die wet opgehef nie. Nee, allermens!! Geloof bevestig juis die wet (Rom. 3:31) Hoe? Geloof bevestig dat YHVH se wet my skuldig bevind en dat ek die loon van die oortreding van YHVH se wet verdien, naamlik die dood. Geloof bevestig dat Yeshua Messias in my plek die straf uitgedien het vir oortreding van YHVH se wet. Geloof is die aanvaarding van my kwytstelling. Geloof is my aanvaarding van YHVH se genade.

Beteken dit dat ons nou kan aanhou om YHVH se wet te oortree omrede ons onder die genade is? Moet ons aanhou sondig sodat die genade meer kan word? Nee, YHVH se Torah

soos dit aan die begin aan die mens gegee is, is steeds geldig. Sonde, naamlik die oortreding van YHVH se wet, is steeds sonde onder die nuwe verbond.

*Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade?
Nee, stellig nie! Rom 6:15.*

Die enigste verskil is dat ons nou vrygespreek is van alle aanklagte. Nou is YHVH se wet vir ons 'n verlustiging, want ons is deur die kosbare bloed van Yeshua losgekoopt van die vloek van die gevolge van die oortreding van YHVH se wet.

Deur geloof het YHVH Sy onderrig en instruksies op die tafels van ons hart gekryf sodat die begeerte tot gehoorsaamheid ons hartsbegeerte en vreugde is. Deur geloof in Yeshua het YHVH Sy wette in ons verstand gegee sodat ons die goedheid en guns daarvan kan verstaan.

Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra'el, sê יהיה: Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees. Heb 8:10 – PWL.

Onthou: Deur geloof in Yeshua is ons nie meer onder die oordeel van die wet nie, maar ons is ook nie **sonder** die wet van YHVH nie. Ons is vrygespreek onder YHVH se wet en ons begeerte om in alles aan ons Hemelse Vader gehoorsaam te wees, is die bewys dat ons Sy genade en liefde vir ons beantwoord. Ons vryheid beteken egter nie wetteloosheid nie, maar bevestig YHVH se onverdiende guns wat Hy ons bied. Deur die genade van Yeshua Messias kan ons die seëninge van gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies deelagtig wees sonder 'n voortdurende skuld las wat tot die dood lei. **Vader se onderrig en instruksies, naamlik Sy wet, is die geloofspad om as geregverdigde te leef.** Ons is deur geloof vry verklaar onder YHVH se wet. Ons kan seker wees van ons redding, maar nou moet ons as bevrydes leef al gaan ons soms struikel.

Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy geboorte nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. 1 Joh. 2:4 en 5.

Om as geregverdigde in gehoorsaamheid aan YHVH se wet te leef, is om onself as dood vir die sonde – die oortreding van die wet – te beskou. Dit is om **nie** toe te laat dat die sonde oor ons heers nie, asook om ons **nie** beskikbaar te stel as werktuie van ongeregtigheid (wetteloosheid) nie.

So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Yeshua die Messias, onse Meester. Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julle self tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. Rom. 6:11 tot 14.

Bepeins of Bespreek

1. Ware vryheid is geloof in Yeshua Messias en gehoorsaamheid aan Torah. Alleenlik dan is ons vry onder YHVH se wet!! Dit is albei of niks!! Ware vryheid is nie om te doen wat ons wil doen nie, maar om te doen wat YHVH ons God en Vader wil! Sy wil is Sy wet

(onderrig en instruksies). Nou staan ons onder die genade wat so groot is dat selfs al oortree ons Vader se wet weens ons swakhede, is daar telkens vergifnis. Dit gaan nie meer oor die letter van die wet nie, maar oor die gesindheid in ons harte om ons te onderwerp aan ons Vader se onderrig en instruksies – van Genesis tot Openbaring. Ons voeg niks by nie en laat niks weg nie. Dit is om in alles gehoorsaam te wil wees, hoewel ons weet dat ons nog dikwels gaan sondig.

2. Hoe moet bogenoemde verstaan word in die lig van Heb. 10:26 tot 31. Is die Afgesonderde Gees gegee om ons hulp, leermeester en krag te wees om Torah-gehoorsaam te kan lewe?
3. 'n Verdere artikel oor hierdie onderwerp van die wet en die genade kan afgelaai word deur op die volgende skakel te klik: [Die Wet en Genade](#). Is dit 'n geval van die Torah **versus** genade of eerder van die Torah **en** genade?
4. Toe YHWH die Torah aan Moses gegee het, het Hy Yeshua aan Moses gegee, want Yeshua is die Torah wat vlees geword het!
5. Kan jy saam met die Psalmdigter die volgende uitroep?

Ek sal my verlustig in u insettinge, u woord sal ek nie vergeet nie. Open my oë, dat ek kan sien die wonders uit u wet. My siel vergaan van verlange na u verordeninge altyddeur. Ja, u getuienisse is my verlustiging, my raadsmanne. Ps. 119:16, 18, 20 en 24.

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHWH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.